Suid Afrikaanse Vereniging vir Musiekonderwysers

Vrystaat en Noord-Kaap Vise-president Verslag vir die Nasionale Konferensie van April 2015

Ek deel graag die volgende inligting rakende die Vrystaat en Noord-Kaap met u.

A KROONSTAD

Die tak se paar lede woel behoorlik.
Twee nuwe lede het by die tak aangsluit. Hulle is Marie-Jean Kotze van Welkom en Clary Naude van Heilbron.
Die afstand tussen dorpe en die hoë brandstofprys maak dit ongelukkig baie moeilik vir lede om vergaderings by te woon.
Tydens die baie suksesvolle Kroonstad Eisteddfod (Augustus 2014) het Dr Johan Cromhout die Instrumentele afdeling beoordeel. Gera Phielix was die beoordelaar by die Vokale afdeling.

Ons lede se leerlinge het uitstekend presteer: Mev Boshoff se 9 leerlinge behaal 21A++ 14A+ en 5 A simbole. Hierdie 9 leerlinge is ook in 15 kategorieë as Kategoriewenners aangewys!
Mev Geldenhuys laat al 70 haar Sotho-sprekende leerlinge deelneem met ongelooflike resultate in Klavier en Blokfluit.
Klavier: 94% van die leerlinge verwerf tussen 80 en 100%.
Blokfluit: 97% leerlinge verwerf tussen 80 en 100%
Mev. Geldenhuys lewer ook ‘n ongelooflike 30 Kategoriewenners op!

Kroon Primary skool het ook 4 Percussion bands, 5 Orff ensembles en 5 Blokfluit ensembles ingeskryf. Hulle neem ook deel aan die St Michaels Music Festival in Bloemfontein, asook die Goudveld Hoërskool Taal- en Kunstefees in Welkom.
Mej Estee de Lange het ook 32 leerlinge gehad wat aan die Kunstefees deelgeneem het. Hulle het meegeding in verskeie instrumente nl. klavier, blokfluit, kitaar en viool.

Suksesvolle Unisa eksamens is ook met talle leerlinge in Kroonstad afgehandel gedurende die September eksamen:
Twee van Mej de Lange se leerlinge is op Unisa se Ererol geplaas.
Mev Boshoff se vyf leerlinge (Gr 1 tot 7) behaal weereens ongelooflike resultate. Vier uit die vyf slaag met Lof en die vyfde een word op die Ererol geplaas. Al vier leerlinge wat Unisa teorie-eksamen skryf, word op die Ererol geplaas en een leerling kry volpunte vir Gr 2!

Mev Geldenhuys se leerders: Veertien speel Unisa blokfluit eksamen en agt lê klaviereksamens af. Nog vyf leerlinge skryf Unisa se teoretiese eksamens en een van hulle behaal 100% behaal vir Unisa Gr 2.
Negentig leerlinge neem tans musiekles by Kroon Primary in klavier, viool, kitaar en blokfluit!

Die tak beplan om gedurende 2015 ‘n massa optrede van die NEW WORLD SYMPHONY aan te pak. Die werk is spesiaal vir die tak verwerk met insluiting van elke moontlike instrument met die moeilikheidsgraad wat wissel vanaf beginners tot en met Gr 4 standaard. Die logistiek rondom die projek is baie uitdagend, maar die tak glo dat dit wel uitvoerbaar is.

Die bestuur van die Vrystaatse Kunswedstryd het gedurende 2014 'n baie insiggewende dag aangebied met Lize-Maret Jacobs as spreker. Die Kroonstad-tak beoog 'n opvolg kursus in Kroonstad, asook 'n konsert met Carl du Plessis en Zanta Hofmeyer.

Erna Rademan bied jaarliks in Augustus / September ‘n koorfees in Vredefort aan, waar kore uit diverse gemeenskappe en dorpe deelneem. Die fees is in 2014 vir die vyfde keer aangebied en dit was ‘n groot genot en sukses.

Ek het ongelukkig geen verslae van die Kimberley takke ontvang nie.

Erna Rademan